Laerskool Bloemfontein

Goeie waardes maak ons 'n Wenskool.

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 16 **2017/05/18**

ONS IS N WAARDE GEDREWE SKOOL

Uit die kantoor

As daar een ding is wat my dwars in die krop steek, dan is dit as mense dink hulle is beter as ander.

Daar was een aand 'n feesmaal in die huis van Halil, die ryk man van die dorp. Rabbi Moses is ook genooi. Maar hy het die hele dag op die lande gewerk en dit was al sononder toe hy hom huis toe haas.

"Jy is laat," roep sy vriende toe hy verbydraf. "Die fees het al begin." Dan moet ek maar reguit daarheen gaan, dink Moses, met my werksklere en al.

Maar by die huis van Halil wil die deurwagte hom nie inlaat nie, omdat hy nie deftig genoeg aangetrek is vir die geleentheid nie. Op sy protes antwoord hulle net dat hulle van Halil opdrag gekry het om net gaste wat gepas geklee is, toe te laat.

Rabbi Moses gaan toe huis toe en trek sy beste baadjie aan. Toe hy weer by sy gasheer se huis kom, laat hulle hom onmiddellik binne, heet hom plegtig welkom en vra hom om sy plek aan tafel in te neem.

Toe die voorgereg bedien word, begin die rabbi doodluiters van die sop in sy baadjiesak skep. Die mense het onderlangs na mekaar geloer, maar niks gesê nie. Maar toe die hoofmaal bedien word, smeer die rabbi sy lapelle met groente en vleissous. En die hele tyd prewel hy: "Eet lekker, liewe baadjie. Ek hoop jy geniet jou feesmaal."

Later kan Halil dit nie meer hou nie, want nou is daar 'n behoorlike opskudding onder die vername gaste. "Wat vang jy aan, rabbi Moses?" vra hy. "Waarom moet jou báádjie dan nou eet?" "Hoekom is jy so verbaas daaroor?" vra die rabbi. "Jy het dan my baadjie na jou maaltyd toe genooi!" "Het jy nou mal geword?" Halil verstaan nie wat aangaan nie. "Wel," sê Moses terwyl hy onverstoord van die nagereg by sy moue indruk, "toe ek met my gewone klere hier aankom, was ek nie welkom in jou huis nie. Dus was my afleiding dat jy eerder my deftige baadjie as vir my as gas wou hê."

Ons moet onthou – die vere maak nie die voël nie. Lewe voluit, wees trots en dankbaar vir dit wat jy het.

Ons skool se waardes is:
Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitnemendheid. Kom ons leef ons waardes!
Kom ons maak die verskil in ons land!!

KOOR

Kom ondersteun die koor tydens die Sing in Harmonie koorkompetisie van kykNET, kanaal 146, op
Maandag, 22 Mei om 18:30.
Kaartjies: R80 per persoon
Beskikbaar by mev. Uhlmann.
Bring geld saam en koop sommer jou aandete by die Snoepie.

Bloemies Bid

Hoe sien jy die lewe?

'n Blinde seuntjie sit op die trappie van die groot gebou met sy hoed by sy voete. Hy het 'n karton baniertjie waarop geskryf staan: "Ek is blind, help asseblief." Daar was slegs 'n paar muntstukke in sy hoed.

'n Man het by die seuntjie verby gestap. Hy het 'n oomblik stil gestaan en 'n paar muntstukke uit sy sak gehaal en in 'n hoed gegooi. Hy neem toe die karton baniertjie by die seuntjie en skryf 'n paar woorde agterop die karton. Hy plaas die baniertjie terug in die seuntjie se hande met die kant wat die nuwe woorde toon aan die verbygangers.

Kort voor lank begin die seuntjie se hoed vinning vol raak; baie mense het nou geld vir die seuntjie gegee. Daardie middag kom die man wat sy teken herskryf het terug om te sien hoe dit met die seuntjie gaan.

Die seuntjie herken die man se voetstappe en vra aan hom: "Was jy die een wat vanoggend op my banier geskryf het? Wat het jy geskryf?" Die man antwoord: "Ek het slegs die waarheid geskryf. Ek het presies gesê wat jy gesê het, maar op 'n ander manier."

Hy het geskryf: "Vandag is 'n pragtige dag en ek kan dit nie sien nie."

Dink jy die eerste en tweede banier het dieselfde gesê? Verseker het dit; beide het gesê dat die seuntjie blind was, maar….

Die eerste het bloot gesê dat die seuntjie blind was. Die tweede het mense vertel dat hulle gelukkig kan wees dat hulle nie blind is nie en die wonderlike in die lewe kan sien. Soms is dit 'n kwessie van hoe ons na 'n saak kyk.

Hoe sien jy die lewe vandag? Hoe sien jy jou lewe vandag?

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid. Onthou asb. van die grys gebedsposbussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi.

Kontak asb. een van die volgende ouers:

Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

VCSV

Teksvers van die maand
Miga 6:9
"Om die Here te dien, dit is wysheid."

OUERKOMITEE

Die mooiste Wiskunde som:
Maal jou vriende
Deel jou smarte
Trek jou verlede af
Tel God se liefde by
En die som se antwoord:
GENADE ONBESKRYFLIK GROOT

MEI

VERJAARDAGWENSE
Aan personeellede, ouers en leerders, baie geluk met julle verjaarsdae. Alles wat mooi, goed en geseënd is!!

Lief en leed

Sterkte met elke geliefde wat olik voel, tuis aansterk of siek in die hospitaal verkeer. Ons bid vir spoedige en volkome herstel. Antonio in graad 3 – jou maatjies is baie bly jy is terug by die skool. Nou kan jy weer lekker saam met hulle baljaar. Hulle het jou gemis!!

MANNE-AAND

Ouers, kom ons vat hande en maak van hierdie tweede kwartaal se insamelingsprojek 'n groot sukses. Ons kort nog tafelverkope om ons gasspreker, Andries Vermeulen, sanger en storieverteller van format, van Oppiestoep, welkom te laat voel. 1 Junie is om die draai, kom ons maak seker die kaartjies waai!!
Koste: R2000 per tafel van 10 of R200 per persoon.
Skakel Carin Jordaan vir enige navrae by
084 441 7615 om teleurstelling te voorkom. Ons sien uit om van u te hoor. Kom help ons die saal vol toor!!

Gedagte van die week:
There is one thing that GOD says to every believer regardless of their circumstances
"TRUST ME"

MIND MOOD SPA
Happy Mind, Happy Life
Visit us now!!
051 – 451 9028
www.mindmoodspa.co.za

KUNSWEDSTRYD

Baie geluk aan Hendré Botha met sy puik prestasies by die kunswedstryd.
Blokfluitduet A
Sopraan solo A+
Sopranino solo A+
Tenoorfluit solo A+
Altfluit solo A+
Familie duet A+
Blokfluit Ensemble 16 jr A++
Blokfluit Ensemble (enige ouderdom) A++

RESPEK

EERLIKHEID

LOJALITEIT

UITNEMENDHEID

PRAKTYK NUUS…

Dr. Lizelle Nel se praktyk het 'n deeltydse RO-juffrou …
As jy graag wil weet waar jou kind akademies staan of jy dink RO is dalk nodig, kontak my gerus. Sy sal Saterdag, 27 Mei evaluerings doen.
45 minute vir jou kleinding en
15 minute terugvoer aan jou as ouer.
Koste: R350.
Bespreek asb. by 084 800 4030

VIR DIE MAAK VAN

SLEUTELHOUERS (R40), BEKERS(R40), MOUSEPADS(R40), YSKASMAGNETE(R20) EN STICKERS(R1,50)
SKAKEL Irma by 071 642 9142
Irma neem ook pragtige foto's.

Skaak

Daar sal Donderdag, 18 Mei skaakoefening vir almal wees om 13:45 tot 14:45. Die volgende ligawedstryd is eers op Dinsdag, 30 Mei a.g.v. die kunswedstryd. **Die ligaspelers MOET asb. gereeld kom oefen!!**
Baie geluk aan die skaakspan hulle wen verlede week hul wedstryde teen Pres Brand 5 – 3, teen Eunice wen hulle 8 – 0 en hulle speel gelykop teen Martie du Plessis. Baie geluk julle maak ons baie trots!!

RUGBY

Liga uitslae @ Grey

Span	Telling	Uitslag
0/7 A	30 - 0	Verloor
0/7 B	35 - 0	Verloor
0/9 A	50 - 0	Verloor
0/9 B	41 - 5	Verloor
0/11 A		Verloor
0/11 B	50 - 0	Verloor
0/13 A	17 - 7	Verloor
0/13 B	34 - 32	Wen

Hard werk manne! Baie geluk aan die 0/13B-span wat gewen het, julle maak ons trots!!

NETBAL

Liga uitslae @ Oranje

Span	Telling	Uitslag
0/7 A	Mini-Netbal geen uitslae mag bekend gemaak word nie.	Lekker Gespeel!!
0/7 B		
0/7 C		
0/8 A		
0/8 B		
0/8 C		
0/9 A		
0/9 B		
0/10 A	18 – 9	Verloor
0/10 B	23 – 0	Verloor
0/10 C	18 – 0	Verloor
0/10 D	8 – 3	Verloor
0/11 A	24 - 1	Verloor
0/11 B	13 - 1	Verloor
0/11 C	13 - 5	Verloor
0/12 A	18 – 5	Verloor
0/12 B	8 – 7	Verloor
0/12 C	14 – 3	Verloor
0/12 D	15 - 0	Verloor
0/13 A	23 – 15	Verloor
0/13 B	18 – 3	Verloor
0/13 C	15 – 0	Verloor

Hard werk dogters!! Baie geluk aan **Karabo Nyakane** en **Refiloe Lesedi** wat deur is na die Vrystaat proewe wat plaasvind op 27 Mei in Welkom.

BELANGRIK!!

Leerders wat verjaar mag met gewone klere skool toe kom.

Middagsorg vir Gr. 1 – 4

Laat my toe om jou kind te versorg en by te staan met sy huiswerk terwyl jy by die werk is. Ek sal persoonlik die kinders by die skool gaan haal. Skakel my gerus by 074 544 3206 of kom sien my persoonlik by David Fourie Straat 23, Noordhoek.
Koste: R500 per kind, sluit ligte middagete in.

Vakansietoesig vir Gr 1 – 4

Vakansiesorg word ook aangebied.
Kinders sal kreatief besig gehou word sonder dat jy jou oor hulle bekommer.
Koste beloop: R60 per kind per dag
Die fooi sluit 2 ligte etes in.

Tina Middagstudie

Ek bied middagstudie "sorg" vir u kind. Ek help met huiswerk van na skool tot 17:30.
Skakel Tina: 076 724 9960.
Vir verwysing skakel:
Elmarie 084 202 0251

DINOS ALIVE

THE EXHIBITION
THE DINOS ARE BACK!!
23 June – 30 July
Bloemfontein Showgrounds
Tickets:
R120 for adults
R85 for children
Family package – R370
(2 adults, 2 children)
Contact:
081 – 011 1718
www.dinosalive.co.za
email: lisa@expoafrica.co.za
Tickets available at Computicket

BLOEM SKOU

SKRIF –Baie geluk!!
Graad 2

Naam	Plek
Ingrid Dahli	1 ste
Jacques Naude	2 de
Mieke Hefer	2 de
Cironn Venter	3 de

Graad 3

Naam	Plek
Keenan Adams	2de
Robyn Buys	2 de

Graad 4

Naam	Plek
Delre Pretorius	1 ste
Lana Ceronio	3 de
Lohan Nortje	Hoogs aanbeveel
Lanie Stannard	Hoogs aanbeveel

Graad 5

Naam	Plek
Persy Channon	Hoogs aanbeveel

TOETSROOSTER

Datum	Gr. 4	Gr.5	Gr. 6	Gr. 7
Ma. 22 Mei	SW	NWT	NWT	NW
Di. 23 Mei	Wisk	SW	SW	SW
Wo. 24 Mei	Eng	Eng	Wisk	Wisk
Do. 25 Mei	GEEN	TOETS	A.G.V.	LIGA
Vr. 26 Mei	NWT	Wisk	Eng	Afr
Ma. 29 Mei	Afr	Afr	Afr	EBW
Di. 30 Mei	GEEN	GEEN	GEEN	Eng

Vat die boeke vas!!!

SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS

Die winter is hier. Sit 'n bietjie herfs in jou hare en maak ander se harte warm met jou nuwe voorkoms!!

Nail Bar:
Voetspa (Gel of cutex op tone – R150)
Akriel naels – RR160
Gel naels – R150

Wax:
Wenkbroue R50
Snor RR50
Volgesig R80
Pluk van wenkbroue R40
Tint van wenkbroue R40
Tint van wimpers R40

Spring gou en maak jou afspraak!!
*Wendy – 071 467 2722

SELFONE

Selfone veroorsaak probleme.
Leerders moet asb. hulle selfone net in noodgevalle skool toe bring. Handig dit asb. by tannie Lee-Ann in. Indien 'n selfoon tydens klastyd lui, sal die persoon se foon ingeneem word en toegesluit word tot aan die einde van die kwartaal.

Kennisgewings

Donderdag, 18 Mei
Juf. Arinke verjaar!!
Skaak oefening net na skool tot 14:45

Saterdag, 20 Mei
Juf. Marietjie verjaar

Maandag, 22 Mei
TOETSWEEK – SIEN ROOSTER
Tennis net na skool – 14:30
Rekenaars net na skool tot 14:30
Sing in Harmonie koorkompetisie 18:30

Dinsdag, 23 Mei
TOETSWEEK – SIEN ROOSTER
Voortrekkers direk na skool tot 14:30
Kuns: Gr 1 – 3 (13:30 – 15:00)

Woensdag, 24 Mei
TOETSWEEK – SIEN ROOSTER
VCSV tydens skool.
Kuns: Gr 4 – 7 (13:30 – 15:00)
Rugby- en Netballiga @ PBS tuis.

Donderdag, 25 Mei
GEEN TOETSE A.G.V. LIGA
Skaak oefening net na skool tot 14:45

Vrydag, 26 Mei
TOETSWEEK – SIEN ROOSTER

Grapkas

Wat gaan jy kry as 'n spook jou vir aandete nooi? Hoendervleis!

Wat kry jy as jy 'n hoender en 'n duisendpoot kruis? Genoeg hoenderboudjies vir die hele skool.

Waarna luister paddas graag? Hip hop.

Wat is 'n kat se gunsteling-tydskrif? Muisgenoot

Na watter sepie kyk spoke? Swewende laan.

Wat is 'n spook se gunsteling-resepteboek? Spook en geniet

Watter soort klere dra spoke? Bangbroeke

LEERDERRAAD SE GEDAGTE

Probeer vandag om meer te luister en minder te praat.